27 Desember **Skrifgedeelte: Titus 3:1-15**
Fokusgedeelte: Titus 3:4

Die verskyning van God se goedheid

Tussen Jesus se eerste (2:11) en tweede (2:13) verskyning, lê ook ‘n derde verskyning: die koms van die Heilige Gees. Sy kom is die verskyning van God se goedheid. In hierdie goedheid mag gelowiges lewe. God se goedheid is ‘n oorvloedige goedheid, want die Heilige Gees is OORVLOEDIG uitgestort (3:6)!

Miskien sien jy in hierdie stadium net ‘n oorvloed van sonde en wanhoop in jou lewe. Kyk dan in ons Skrifgedeelte hoe Paulus dieselfde oor die Kretensers skrywe (3:3). Hulle was ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan begeertes en singenot, kwaadwillig, jaloers en haatlik!

Maar, dinge het verander, nie deur iets wat die Kretensers self gedoen het nie, maar deur iets wat God gedoen het (3:5). Hy het die Kretensers, vasgevang in die oorvloed van hulle sonde, jammer gekry. Deur die bloed van sy eie Seun het Hy hulle sonde afgewas en deur die Heilige Gees hulle ‘n nuwe lewe gegee (3:5).

Hier, twee dae na Kersfees, hou God dieselfde geskenk na jou toe uit! Hy het gesien hoe dit in jou lewe gaan. Hy het jou jammer gekry. In hierdie Skrifgedeelte openbaar Hy sy goedheid aan jou. Hy skenk jou ‘n skoon, nuwe lewe! Dit is ‘n geskenk waarvan die waarde vir jou steeds sal toeneem, dit maak jou ‘n erfgenaam van die ewige lewe!

Aanvaar hierdie geskenk deur te glo dat Jesus jou van alle sondes bevry en alle sondeskuld betaal het! Leef hierdie nuwe lewe deur jou aan God se gesag te onderwerp en net te doen wat Hy deur sy Gees in die Bybel van jou verwag (3:8). Só sal jy God se goedheid oorvloedig ondervind.

Sing: Psalm 36:2 Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)